

26 Julie

Skrifgedeelte: Sagaria 11:4-17

Wie die goeie Herder verwerp, kry 'n slegte herder

Salaria sien die regeerders van die nasies deur die oë van die Gees as slegte herders. Die konings is byna voor die voet gierig, gemaksugtig en lui. Hulle stel nie hulle volk se belange voorop nie, maar altyd hulle eie. Hulle onderdane is vir hulle niks meer as slagskape nie. In die Here het die volke egter 'n goeie herder. Dit moet Salaria uitbeeld deur hom soos 'n herder aan te trek en twee kieres (stawwe) te neem. Die een moet hy "goedgunstigheid" ('n Nederlandse vertaling) en die ander "samebinding" (OAV) noem. Daarmee word gesê dat God in goedgunstigheid oor nasies regeer en sy volk Israel saambind.

Die volke (ook Israel en Juda) het God egter as herder verwerp (vers 8) en sou sy Seun hulle later kruisig. God se reaksie daarop is dat Salaria sy twee kieres moet breek as teken dat God sy guns en genade nou terugtrek. In die plek van God kry die volke nou 'n ander herder – 'n dwase en goddelose herder. Weereens moes Salaria dit uitbeeld. Hierdie keer in klere van 'n slegte herder met gereedskap (waarskynlik 'n knuppel en slagtersmes) waarmee hy die skape kan slag en verstrooi.

Die boodskap is heel eenvoudig: Wie God verwerp, kry die Satan as herder. Wie die smal pad verlaat, beland op die breë weg. Wie die hemelse uitnodiging van die hand wys, ontvang die hel as ewige tuiste.

Sing: Psalm 73:12

Ds AS Heystek (Akasia)